LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

11 Junie 2026

Beste Volkie Ouers

GESONDHEID VAN ONS LEERDERS

Ons is in die middel van die griep seisoen. Daar is ontsettend baie kinders asook personeel siek met griep. Dit is nogal 'n ernstige variant van die griepvirus. As u kind siek is, neem hom/haar dokter toe en laat hul in die bed bly. Kinders wat siek word by die skool se ouers sal geskakel word sodat u u kind kan kom haal.

SKOOLVAKANSIEDAG - LANGNAWEEK

Die skool sluit Vrydag, 12 Junie 2026 om 12:00. Maandag, 15 Junie en Dinsdag, 16 Junie is skoolvakansiedae. Skool hervat soos normaal op Woensdag, 17 Junie 2026.

AKADEMIE

Die assesserings vir die tweede kwartaal is byna afgehandel. Onderrig en leer gaan egter normaal voort, aangesien daar reeds met **werk vir die derde kwartaal begin word.**

Ons doen daarom 'n vriendelike beroep op ouers om nie leerders onnodig by die huis te hou gedurende hierdie tydperk nie. Dit is belangrik dat alle leerders daagliks skool bywoon sodat hulle nie waardevolle onderrigtyd en nuwe werk misloop nie. Die laaste akademiese dag is Woensdag, 24 Junie 2026. **Ons deel Rapporte uit op Donderdag, 25 Junie 2026 vanaf 07:00 tot 09:00 by die leerders se registerklasse.**

KWARTAAL IN OëNSKOU

Ons is aan die einde van Kwartaal 2. Dit was 'n baie besige kwartaal met vele aktiwiteite. Ons besef maar net weereens hoe spesiaal ons gemeenskap is. Groot waardering vir elke ouer en lede van die gemeenskap wat ons skool deur goeie en moeilike tye ondersteun. U is die hart van Laer Volkskool.

PROGRAM VIR DIE WEEK

DATUM	AKTIWITEIT	WAAR
17 Junie	"Shadow Shift" – Dogters en Seuns O/13 Span Hokkie	Heidelberg Spur (17h00 – 21h00)
23 Junie	Fotodag – Kwartaal 2 Sport en Kore	08:00 Skoolsaal

MNR. P. STRYDOM: HOOF

016 341 6216
volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg - GP, 1441
www.laervolkskool.co.za